VERKLARING VAN MISDAADKONFERENSIE GEHOU OP

8 MAART 2010 IN CENTURION

Die hoë voorkoms van geweld en ‘n gebrek aan respek vir lewe en privaat eiendom in Suid-Afrika is ‘n vraagstuk wat negatief inwerk op gemeenskapsveiligheid, stabiliteit, vertroue en ontwikkeling. Dié probleem manifisteer homself in misdaad met ‘n hoë voorkoms van brutaliteit en trauma waarvan die motiewe dikwels bevraagteken word.

Die voorkoms van plaasaanvalle en algemene misdadigheid is slegs enkele van die bedreigings wat ‘n nadelige effek op individuele veiligheid en die produksievermoë van die Suid-Afrikaanse Landbou het. Sonder ‘n veilige en vooruitstrewende landbousektor is voedselsekuriteit en landelike stabiliteit in Suid-Afrika nie gewaarborg nie. Die boeregemeenskap se reg tot veiligheid, is een van die belangrikste regte van die land se demokratiese bestel, wat deur misdaad aangetas word.

Sedert die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid en Sekuriteit wat op 10 Oktober 1998 gehou is, is verskeie beleidsveranderinge oor die hantering van landelike veiligheid aanvaar. Die Misdaadkonferensie het ten doel om konsensus te bereik oor toekomstige prosesse en beleid om landelike veiligheid te hanteer sowel as die versterking van bestaande strategië. Die Konferensie se besluite is soos volg:

1. Agri SA ondersteun die oppergesag van die reg as voorwaarde vir ‘n billike en regverdige samelewing. Die sinnelose vlaag moorde, brutaliteit en algemene misdadigheid wat die veiligheid en produksievermoë van die landbougemeenskap bedreig, word veroordeel. Agri SA verwag van die regering om met sy handelinge en uitsprake tot op die hoogste vlak hierdie verskynsel, veral soos dit die landbou raak, te veroordeel.

2. Die oorsake van aanvalle en ander misdade gerig op die boerderygemeenskap is kompleks en bestaan uit vele fasette waarvan die minste is, die kwesbaarheid van die boerderygemeenskap. Soos die geval met misdaad in Suid-Afrika sluit hierdie bydraende faktore soos ‘n kultuur van geweld en strafontwyking, onbevoegde polisiebeamptes, minagting van wetgewing, sosio-ekonomiese probleme, werkloosheid en armoede in plattelandse en stedelike gebiede in. ‘n Veiligheidsbenadering alleen kan nie die misdaadprobleem in die langtermyn oplos nie. Agri SA verwag van die Regering om ‘n geïntegreerde misdaadvoorkoming-en bestuursplan te implementeer wat alle staatsdepartemente insluit, waardeur misdaadbekamping effektief op ‘n gekoördineerde wyse op alle regeringsvlakke bestuur kan word. Dit sluit ‘n stroombelynde kriminele strafregstelsel in.

3. Die polisie en die regering het die verantwoordelikheid in terme van die Grondwet om misdaad te voorkom, te bestry en te ondersoek, die openbare orde te handhaaf, die inwoners van die Republiek en hulle eiendom te beskerm en te beveilig, en die reg te handhaaf en toe te pas. ‘n Toereikend opgeleide, bekwame, nie rassistiese en verantwoordelike polisiemag moet tot stand gebring word om sonder vooroordele hieraan uitvoering te gee. Doelgerige optrede is nodig om korrupte elemente in die polisiemag uit te skakel en ‘n bevredigende vlak van dienslewering te handhaaf. Polisielede wat hulle verantwoordelikheid ontduik, hulle skuldig maak aan kriminele oortredings en wederregtelik teen die landbougemeenskap optree moet tot verantwoording geroep word.

4. Dit het algemene gebruik geword om veral die kommersiële boeregemeenskap verkeerdelik te beskuldig van ongewenste menseregte praktyke, onbillike arbeidspraktyke, onwettige plaasuitsettings en vele meer. Uitsprake met sterk rassistiese ondertone wat geweld of haat teen kommersiële landbou aanmoedig, kan ‘n klimaat skep wat bevorderlik is vir vergelding, gemik teen die boerderygemeenskap en hou ‘n veiligheidsbedryging in. Beweerde haatspraak en opswepende uitsprake in watter vorm en uit watter oord ookal sal nie verdra word nie en Agri SA sal die nodige stappe neem teen diegene wat hulle skuldig maak daaraan.

5. Om aanvalle en misdadigheid op die boerderygemeenskap aan bande te lê is doeltreffende wetstoepassing van onmiddellike belang. Agri SA aanvaar die Landelike Beveiligingstrategie, ondersteun deur die beleid vir sektorpolisiëring en reserviste as toereikende beleid en strategië om landelike misdaad te bekamp. Agri SA verwag van die polisiemag om toe te sien dat stasiebevelvoerders hierdie strategieë en beleid konsekwent moet toepas en uitvoer soos wat van hulle vereis word.

   Die landelike gemeenskap het ‘n besondere behoefte aan ‘n effektief geïmplementeerde sektorpolisiëringstelsel waarvoor toereikende mannekrag en toerusting beskikbaar is. Die bedeling vir reserviste moet dit vir gewilliges in die boerderygemeenskap moontlik maak om in ‘n groter mate binne sy eie sektor as wat tans die geval is, by die polisiemag in te skakel. Alle legitieme inisiatiewe deur die boerderygemeenskap wat daarop gerig is om hulle te beskerm moet geïnkorporeer word binne beleid.

6. Privaatinisiatiewe deur die boerderygemeenskap, binne die wettige raamwerk, en in samewerking met die polisiemag word erken. In dié verband word die finansiële bydrae deur die Agri Securitas Trustfonds verwelkom wat dit moontlik maak om aanvullende hulpmiddels te bekom en by te dra tot meer doeltreffende misdaad bekamping. Die bydraes wat die Agri Securitas Trustfonds lewer om persepsies en gedrag te beïnvloed kan bydra tot die daarstel van ‘n meer veilige landelike omgewing, word erken.

7. Veediefstal het ‘n negatiewe uitwerking op die winsgewendheid van kommersiële veeboere en veral so ook op opkomende boere wat tydens ‘n voorval hulle totale kudde kan verloor. Dit het ‘n negatiewe effek op die suksesvolle afhandeling van die grondhervormingsproses en om opkomende boere te bemagtig. Ondersteuning aan opkomende boere met die merk van hulle vee deur die Departement van Landbou, Bosbou en Vissery moet oorweeg word.

   Waardering bestaan vir die behoud van die spesialis veediefstaleenhede wat nie gesluit is nie. Vakante poste binne die eenhede moet gevul word en permanente opleidingskapasiteit moet geskep word vir die opleiding van lede en ook staatsaanklaers. Lede van veediefstaleenhede wat uitsonderlike diens verrig behoort op ‘n insentiefbasis erkenning te ontvang. Mobiele reaksie-eenhede moet deur die polisiemag daar gestel word om vinnig operasies te loods.

Swaarder strawwe deur wetgewing moet geïmplementeer word en die proses van borg en parool vir veediewe moet strenger toegepas word. Die finalisering van die skutwet is ‘n prioriteit.

8. Dit word van die Regering verwag om homself te verbind tot volgehoue verbetering, insluitende genoegsame befondsing en die harmoniëring in die werking en die funksionering van agentskappe van die kriminele strafregstelsel om te dien as ‘n doeltreffende afskrikmiddel vir misdaad. In besonder moet die uitroeiing van korrupsie prioriteit aandag geniet en persone wat daaraan skuldig bevind word se dienste moet beëindig word.

9. Die polisiemag moet voortgaan om rekord te hou van alle misdaadinsidente wat in boerderygebiede plaasvind, dit ontleed om tendense te bepaal en dié inligting kwartaalliks beskikbaar stel. Lede van die boerderygemeenskap moet alle misdaadinsidente op plase en kleinhoewes aan die polisie rapporteer sodat die werklike omvang van die probleem voortdurend bepaal en ontleed kan word. Hierdie inligting is ook nodig om die regte hulpbrontoekennings volgens misdaadtendense by die plaaslike polisiestasie te kan allokeer.

10. Die streng en konsekwente handhawing van die integriteit van Suid-Afrika se grenslyne is van belang, vir handel, siektebeheer, veiligheid, misdaadbekamping, onwettige instroming asook vir die noodsaak daarvan dat grondeienaars se gebruiksreg van eiendom behoorlik beskerm moet word teen oorgrens inmenging en misdaad. Leemtes om dié integriteit te handhaaf moet onmiddellik en deurlopend deur die regering reggestel word sonder om die landbougemeenskap met duur en uitgerekte regsprosesse te frustreer.

11. Om onwettige betreding op plase te voorkom en te verhoed sal die plaasprotokol voortaan strenger deur die boerderygemeenskap toegepas moet word as ‘n verdere maatreël om die gemeenskap te beskerm teen misdaad en ongeoorloofde betreding van privaat eiendom. Die reg van staatsdepartemente om binne hulle wetlike bevoegdheid plase te betree word erken. Persone wat hulle skuldig maak aan betreding moet onverwyld deur grondeienaars aangekla word.